# JAARVERSLAG VAN DIE NOORD OOS VRYSTAAT BBV
# 2018

Hierdie BBV is gestig op 7/7/2005 registrasienommer 1473/01

**KONTAKNOMMERS**

**BRANDBESKERMINGSBEAMPTE**

| | | |
|---|---|---|
| J DU TOIT | 082 946 1874 | E-POS jannemandutoit@gmail.com |
| BPK HABIG | 061 501 7193 | E-POS fpo@northeasternfsfpa.co.za |

**ALGEMENE BESTUURDER**

| | | |
|---|---|---|
| TI STEENKAMP | 083 738 5218 | E-POS manager@northeasternfsfpa.co.za |

**SEKRETARESSE**

| | |
|---|---|
| LOUIS TERBLANCHE | 076 338 4448 |
| EPOS | admin@northeasternfsfpa.co.za |
| FAKS | 086 585 5846 |
| KANTOOR TEL | 058 643 0436 |
| POSADRES | POSBUS 32<br>WARDEN, 9890 |

**GEBIEDSKOORDINEERDERS / AREA CO ORDINATERS**

| | | |
|---|---|---|
| WARDEN | Janneman du Toit | 082 946 1874 |
| ROADSIDE | Arto Khuler | 083 326 2976 |
| VREDE | Francois Smit | 076 078 2721 |
| VASTRAP | James Streak | 083 301 7967 |
| LANGSPRUIT | Johny Scholtz | 082 742 5382 |
| WITKOPPE | Chris Leibrandt | 072 969 9218 |
| ASCENT | James Streak | 083 301 7967 |
| MEMEL | Marthinus Willemse | 072 660 9070 |
| MT PELAAN | Nicolai vd Bosch | 072 130 1001 |
| VERKYKERSKOP | Tabbie le Grange | 073 335 4177 |
| TANDJIESBERG | Wayne Casey | 082 323 5570 |
| STERKFONTEIN | Lenel Oosthuizen | 082 851 1089 |
| ABERFELDY | Vorster Zelinga | 082 924 4227 |
| EERAM | Leon Loubscher | 082 345 3005 |

**BASISBESTUURDERS / BASEMANAGERS**

WARDEN, VREDE, MEMEL, HARRISMITH:

**Bernard Habig - 061 501 7193**

## 1. <u>Evaluering van die vordering met die bereiking van die oogmerke van die vereniging</u>

*Die BBV beoog om 'n bydrae te lewer tot die ontwikkeling van 'n voorkomende brandstrategie van die gebied, die verlies van eiendom en beserings as gevolg van veldbrande te verminder en om ook die negatiewe impakte op die bates en die omgewing progresief te verbeter. Die BBV beoog om binne die eerste vyf jaar van die strategie dit in die hele gebied in werking te stel.*

Die BBV het daarin geslaag om dmv 'n brandstrategie, sakeplan en reels, brande in die gebied tot die minimum te beperk, deur:

- Sektorleiers aan te stel in elke gebied;
- Brandpaaie te identifiseer wat die area in beheerbare blokke indeel;
- Gereëlde jaarvergaderings en sekor-vergaderings voor die aanvang van die brandseisoen te hou;
- Knelpunte en risikos soos per punt 2 te identifiseer;
- Brandindeks gedurende brandseisoen beskikbaar te stel;
- Beheerkamer en brandpermitsissteem te implimenteer;
- Gras te sny mbv WOF brandspan te Warden en daardeur brandlading te verminder in voorseisoen.

## 2. <u>Doelwitte met die uitvoer van die oogmerke van die BBV</u>

*a) Om al die "uiters hoë" risikos so te bestuur dat dit na vyf jaar as "hoë risiko" geklasifiseer kan word. So ook met "hoë risiko" na "matige risiko".*

- Tydens 2009 is risiko kartering vir die BBV voltooi. Dit het wel bygedra om die hoë-risiko gedeeltes te ontleed.;
- Brandpaaie is in die gebied geïdentifiseer wat die gebied in beheerbare blokke opdeel;
- -Die N3 en gedeeltes van die R103, R34 en R714 word jaarliks gebrand;

b) *Om die lede van die BBV te vermeerder na 80% van grondeienaars, teen 2020*

- *Dat elke lid teen die jaar 2020 ten volle geïntegreerde brandbestuursplanne vir hulle eiendomme sal hê, en sal toepas;*
- *Om deur middel van bewusmaking 'n meer ingeligte algemene publiek daar te stel.*

Die bewusmakingsveldtog het veral onder plaasarbeiders met ingang momemtum gekry tydens die vestiging van 'n vier (4) WOF spanne te Harrismith, Warden, Vrede en Memel. Die tendens in die gebied is dat die meeste vure by arbeidershuise ontstaan.

*c) Om 'n rekordhouding-en verslagdoenningstelsel in plek te stel wat die BBV sal toelaat om volgens voorskrifte verslag te doen oor hulle gebied*

- Lede en brandregister word bygehou.

## 3. <u>Verslag doen oor veranderende ledetal en die samestelling daarvan</u>

**Opbetaalde getal lede vir 2018 is – 316**

Die BBV se ledetal het onveranderd gebly: Nie almal het geregistreer op die website nie, die NO VS BBV het wel ook nuwe lede gekry.

**4. Die voorkoms van die aantal brande, die gevolge daarvan, evaluering en doeltreffendheid strategiese beplanning**

- Die getal brande het 'n afname getoon in vergeleke met die 2017 seisoen aangesien die hele Vrystaat onder uiters hoe droe toestande gebuk gegaan het. Die meeste vure was veroorsaak deur weerlig.
- Nege en vyftig (59) vure het voorgekom;
- +- 33 000 ha weiding is vernietig;
- Waarde van skade +- R10 miljoen;
- Brandbestrydingskoste +- R1 miljoen;

- Sake by SAP aangemeld 2015 : Warden Mas 73/4/2014
  : MAS 17/12/2015 (Asgate vuur)
  : Vrede MAS 9/9/2015 (Denemark)
  MAS 25/7/2015 (Stasie vuur)

- Sake nog uitstaande sedert 2011-2014 : Warden MAS 54/9/2011 (Police Roads and Transport)
  : Vrede MAS Munisipaliteit (77/9 van 2013 Asgate)

- Verskeie brande onstaan egter nog steeds by, Munisipale Kommunale gronde en asgate.

2018 Is gekenmerk deur uiters droe toestande en laer as normale brandlading wat die risko van wegholvure tot 'n mate gedemp het.

Die BBV Bestuur wil graag hiermee sy dank aan elke lid wat betrokke was met onder andere voorbereiding van brandbane en brandbestrydings-aksies hartlik bedank.

Die deelname en rol wat die Sektorleiers, Working on Fire spanne te Vrede, Warden, Memel en Harrismith asook lede, gespeel het, het daartoe bygedra dat die risko van veldbrande tot die minimum beperk kon word.

Wegholvure kon oor die algemeen beheer word wat defnitief daarop dui dat al die beplannings- en voorkomingsmaatreëls nie verniet was nie. Die voorkoms van "onnodige" vure of vure wat weens nalatigheid, of afwesigheid van voorkomingsmaatreëls voorgekom het, het 'n groot afname getoon. Hierdie vure onstaan hoofsaaklik weens die volgende redes:

- Grondeienaars wat vure begin op dae wat hulle nie mag gebrand het nie;

- Grondeienaars wat sweis of met grinders werk in die oop veld sonder inagneming van die weersomstandighede en of voorsorg tref dat vure tydens sulke take ontstaan;

- Swak of geen voorsorg by arbeiderskwartiere om die onstaan en of verspreiding van vure te voorkom nie.

- Geen brandbane om die Munisipale grense en of stortings terreine.

**Beplanning vir 2019**

Die BBV begin reeds met sy beplanning vir die komende brandseisoen en is van die strategiese kwessies wat aandag sal geniet die volgende:

- Die hou van 'n Bestuursvergadering ten einde nabetragting rakende die 2019 seisoen te doen asook operasionel en administratiewe maatreels in plek te kry;

- Die vestiging van 'n operasionele beheerkamer te Warden vir die uitreiking van brandpermitte, rapportering en koordinering van brande;

- Optimale aanwending van die vier (4) Working on Fire spanne mbt brandvoorkoming, bewusmakingsveldtogte en brandbestryding;

- Deelname te verseker van die Plaaslike regering tov hull pligte in terme van die Wet asook finansiele ondersteuning.

**Grondeienaars:**

Aanpassings sal gemaak moet word rondom grondeienaars se benadering tot die belangrikheid van voorbrande en voorbrande om arbeiderskwartiere.

**Munisipaliteit:**

Die Munisipaliteit sal ook hulle brandstrategie en maak van voorbrande moet opskerp. Munisipaliteit sal ook die Geintegreerde Brandstrategie van die BBVs binne hulle gebied in die IDP's moet opneem. Daar bestaan tans geen bydrae en of strukture van Munisipale wee met brande nie. Die Distriks Munisipaliteit beskik oor n swak toegeruste Brandweer om brande binnestedelik en of landelike grond te bestry. Die meeste vure ontstaan binne die dorpsgebied en grondeienaars moet noodgedwonge hierdie vure bestry. 'n Kriminele saak is ook by die SAP geregistreer mbt twee vure wat by die Vrede en Warden Munisipale gronde en of stortingsterrein begin het.

**Staat:**

Staatsinstellings is nog uiters traag om deel te neem en of voorbrande in plek te stel. Provinsiale paaie en Departement Grondsake sal beslis hulle verantwoordelikheid soos opgelê in die Wet begin nakom.

**N3TC:**

'n Protokol ooreenkoms is nog nie opgestel word om vure wat op hulle paaie ontstaan te help bestry. Skrywes in die verband is aan hulle gerig en kan brandbestrydingskostes verhaal word sou vure op N3TC se grond onstaan.

**Polisie en openbare vervolgingsgesag:**

Nog groot onkunde en onbetrokkenheid word vanaf hierdie instansies ervaar mbt die ondersoek van brandtonele en die daaropvolgende hofgeding. Aanklaers ken nie die Wet en is as sulks bang om met vervolgens voort te gaan.

**5. Verslag doen oor groot insidente en rampe**

Daar was geen noemenswaardige groot brande vir die seisoen nie.

**6. Evaluering t.o.v. die vervolging en rehabilitasie van persone wat brande veroorsaak het deur nalatigheid of brandstigting**

Tien (10) kriminele sake is sedert 2013 vir ondersoek by die Polisie aangemeld.

| WARDEN | VREDE | VERKYKERSKOP |
|---|---|---|
| 48/8/2013 | 43/8/2013 | 9/7/2013 |
| 33/10/2013 | 77/9/2013 | |
| 55/7/2013 | *9/9/2015 (Denemark) | |
| 14/8/2013 | *25/7/2015 (Stasie vuur) | |
| 45/8/2013 | | |
| 44/8/2013 | | |
| 34/10/2013 | | |

54/9/2011 teen MEC Police Roads and Transport.
73/4/2014
*17/12/2015 (Munisipaliteit Asgate)

**7. Voorstelle vir wysigings aan Reëls van die BBV**

Geen wysigings of byvoeggings het plaasgevind nie.

**8. Veranderings in Bestuur**

Algemene Bestuurder
TI STEENKAMP 083 738 5218

Bandbeskermingsbeampte
J DU TOIT 082 946 1874
BPK HABIG 061 501 7193

Sekretaresse
LOUIS TERBLANCHE 076 338 4448

**9. Verandering van Brand Beskermings Beampte**

Geen verandering.

**10. Veranderings aan die Grense van die BBV**

Geen verandering.

**DIVISION OF THE AREA INTO FIRE MANAGEMENT AREA'S**

| AREA | SIZE |
|---|---|
| WARDEN | 132925 ha |
| VREDE | 273046 ha |
| ROADSIDE | 70240 ha |
| MEMEL | 140366 ha |
| VERKYKERSKOP | 86257 ha |
| MT PELAAN | 73750 ha |
| TANDJIESBERG | 86420 ha |
| STERKFONTEIN | 89706 ha |
| ABERFELDY | 46217 ha |
| EERAM | 86126 ha |
| Total size | 1085053 ha |

----------------------------------------------------------------------------------------------------

**COMMON BORDERS WITH OTHER FPA'S**

The Easterly border is mainly a Provincial border with Kwa Zulu Natal. The Westerly border, borders with Bethlehem and Reitz FPA's.

**11. <u>Gevolgtrekking</u>**

Die Vereniging gaan van krag tot krag en lewer beslis 'n voorkomings en ondersteuningsrol in die voorkoming en bestryding van brande.

Goedgekeur tydens die Algemene Jaarvergadering soos gehou op : 27 MAART 2019



__________________________

**TI STEENKAMP**
ALGEMENE BESTUURDER

__________________________

**J DU TOIT**
BRANDBESKERMINGS BEAMPTE